

“Ag, ons sal dit sommer self gaan haal.”

deur Alta Roux

Die verhaal van dié preekstoel, begin in 1917, wanneer die Boukommissie van die pasgestigte NG Gemeente van Hendrina 'n preekstoel teen 105 pond van De Heeren Franken van Ermelo bestel. In Februarie 1918 word die nuutgeboude 'Noodkerk' soos dit genoem is, ingewy, met die preekstoel van Oregonhout netjies op sy plek. Die eerste leraar, Ds Strasheim het in Hoog-Hollands gepreek, met die gevolg dat die kinders hom nie kon verstaan nie. Hy het gesê: “Van hierdie kansel af, sal daar nie in Afrikaans gepreek word nie!”



Die inwyding van die Noodkerk Februarie 1918

Sy opvolger, Ds Stoffberg, was egter 'n groot kampvegter vir Afrikaans en het in suiwer Afrikaans gepreek.

In 1941 word die bou van 'n nuwe kerkgebou goedgekeur, en in 1942, tydens Ds Piek se bedieningstyd ingewy. Nou word die Noodkerk as 'n saal gebruik en die preekstoel is oorbodig. Saam met die Jongeliedesaal word dit aan die nuutgestigte Ned Hervormde Kerk verkoop vir 245 pond.


Dirk Rabie, die dorp se grofsmid, is ook knap met houtwerk, en hy word belas met die herstel en inbou van die preekstoel.

Gawie Steyn, 'n lidmaat van die Hervormde kerk, onthou hoe hulle regoor die Jongeliedesaal gewoon het. Hy was nog baie klein, en onthou die preekstoel baie goed. Een Sondag, tydens die erediens, stap die Steyns se twee honde die kerk binne, en een van die twee besluit om sy been teen die preekstoel te lig...

Die Steyns het maar net voorgegee dat hulle die honde van geen kant ken nie.

Die nuwe Ned Hervormde Kerkgebou word in 1965 ingewy, en die preekstoel word in die NH Kerksaal geplaas. Teen 1989 restoureer oom Skierie Scheurkogel en Gawie Volschenk die preekstoel en vervang die dele wat natgeword of verweer het. Vervolgens word dit aan Cradock gemeente geskenk of geleen (daar bestaan nie sekerheid daaroor nie, maar volgens oorlewering geleen).

Dit word per trein na Cradock gestuur en gerestoureer deur The Village Works, voor dit in 1998 in gebruik geneem is. Die predikant was Ds Gerhard Kruger. Meer as honderd jaar later word die Woord steeds vanaf die preekstoel verkondig.



Die kerkgebou van die Hervormde Gemeente Cradock en 'n foto waar die preekstoel gestaan het.

In 2016 vier die NG Gemeente Hendrina hul Eeufees. Cradock se Hervormde Kerk word gekontak vir 'n foto, en so kom ons te hore dat Cradock nie meer 'n eie leraar het nie. 'n Kerkraadslid belooft om 'n foto van die preekstoel aan te stuur, maar dit gebeur nie.

En nou begin die interessantste sameloop van omstandighede.

Meer as vyf jaar later, gedurende die Desemberavakansie van 2021, bring die dominee 'n besoek aan die Oos-Kaap, en bel die konsulent van die Hervormde Kerk, Ds Danie Taljaard van Uitenhage, om 'n afspraak te reël om 'n foto van die preekstoel in die kerk te gaan neem. Toe word hy meegedeel dat die Hervormde Kerkgebou in November 2021 aan 'n charismatiese kerk verhuur is nadat die Hervormde en Gereformeerde gemeentes saamgesmelt het. Die preekstoel is uitgehaal en word erens in 'n skuur geberg. Nee, hy kan nie na die skuur gaan kyk nie, want die eienaar is nie tuis nie.

Maar hulle wil wel graag die preekstoel terugbesorg aan Hendrina se kerk.

Cradock stuur 'n foto hoe die preekstoel in die kerk gelyk het. Dis 'n pragstuk.

Hoe nou gemaak? Die preekstoel is in Cradock, 1100 km ver. In 'n skuur. Uitmekaargehaal. In wie weet watter toestand. Hoe kry die dominee die stuk houtwerk in Hendrina?

“Ag, ons sal dit sommer self gaan haal.” Dis eenvoudig: die dominee se swaer het 'n SUV en 'n groot waentjie. Meet net die stukke van die preekstoel, sodat ons weet of dit op die waentjie sal pas. Behalwe daarvoor dat die dominee lus het om te ry, was Dirk Rabie, wat in die 1940's die preekstoel gerestoureer het, sy oupagrootjie. Hierdie preekstoel is, kan jy byna se, familie.

Neels Goosen, die boer in wie se skuur die preekstoel rus, laat weet: Die grootste stukke is 1m x 1,2m. Die waentjie is groot genoeg.

Maar Neels laat na om te noem, en niemand dink daaraan om te vra nie: Hoe hoog is die preekstoel?

Nou word voorbereidings getref: 100m bubblewrap word aangekoop, want die preekstoel moet darem ordentlik toegedraai word. Bowendien is dit die natste jaar in 'n lang tyd – dit reën vanaf Hendrina tot in Cradock. Tou, maar waarskynlik nie genoeg nie. Twee stokou seiltjies. Maandag 10 Januarie 2022 vertrek die SUV met die rammelende waentjie agterna. Dominee Roux, sy sussie Ansi en sy ma Alta die kontrei se geskiedskrywer en 'n fotograaf. Want hierdie gebeurtenis moet vasgevang word.

Dinsdagoggend kom ons in Cradock aan. Dis reënerig.



Die preekstoel in stukke waar dit gestoor is. Neels Goosen oorhandig die preekstoel aan Tielman Roux

Neels neem ons na die stoor in die industriële gebied. Dis massief, byna leeg en word nie eens toegesluit nie. In die agterste hoek staan die stukke preekstoel en 'n stapel ou kerkbanke.

Neels het vier werkers saamgebring. En Neels is 'n boer. Boere weet van waentjie-pak – maar oor kort afstande. “Laai daai stukke, manne!” sê hy, en die manne LAAI. Ons drie kyk met groot oë na die 100m bubblewrap wat vergete eenkant lê en die lang spykers wat soos Bosvelddorings uit die hout steek, net reg om iemand se oog uit te haal.

Die vier manne laai die stukke preekstoel vinnig op; sommer so losweg. “Ek weet nie watse planke daai is nie,” sê Neels. “Laai maar op.” Dit lyk vir my na vloerplanke, maar hulle laai op. Ons hoop maar alles wat na preekstoel lyk, is op die waentjie.

Nou word daar – sonder veel oortuiging – onder die kerkbanke, op die kerkbanke, tussen die kerkbanke – rondgesoek: Sê nou maar net die eeu-oue kanselkleedjie het dalk behoue gebly, en lê erens tussen al hierdie kerkmeubels?

Maar daar is niks.

Ondertussen het die vier manne die tou vasgemaak. Die tou is hopeloos te min. Neels raak haastig. Maar onthou, die manne kom van die plaas af. Hulle kry draad in die hande en kom daarmee nader, om die preekstoel behoorlik vas te bind.

Die dominee word bleek – hy sien al hoe sny die dun draad in die geel Oregonhout in. “Nee wag, ons sal gaan ekstra tou koop. Ons sal dit verder kom vasmaak.”

“Ons” synde die dominee, sy suster en sy ma.

Intussen het swart wolke saamgepak oor die klein dorpie en hier en daar begin die druppels val. Die manne gryp die rol bubblewrap en druk oral stukke plastiek tussen die houtpanele in; draai dit hier en daar om die relings sodat dit die hout beskerm. Dit lyk soos iets uit ‘n nagmerrie.

Ansi reël dat ons die waentjie oornag in die skuur kan laat en vroeg die volgende oggend weer kom haak, omdat ons bang is vir die reën. Die twee seiltjies is hopeloos te klein om die preekstoel toe te maak. Neels sê dis reg; ons kan maar net kom haak en ry; die skuur word nie gesluit nie.

Ons kyk vir mekaar.



Die preekstoel word opgelaai.

Ansi begin hardop wonder hoeveel die preekstoel werd is. Sy kan net 'n boodskap aan die boerdery se versekeringmakelaar stuur.

Ons gaan koop tou by 'n winkel, groet vir Neels, en gaan koop 'n groot, maar dun seil by 'n ander winkel. Nou val die reën met mening.

Terug skuur toe. Ons stoot die deur oop – waar die preekstoel gestaan het, lê 'n yslike dam water. Ons besef – hier kan die waentjie en sy kosbare vrag nie slaap nie.

Nou begin die dominee en sy sussie die vrag vasdraai met tou – want ons moet 1100km ry.

En dis daar waar die dominee se wiele afval. Nog hy, nog sy sussie of sy ma kan 'n knoop vastrek. Die wit tou hang los soos telefoondrade. Die vrag sal nie eens op die teerpad kom sonder om rond te skuif nie, newwermaaind Hendrina.

Die dominee klim rustig van die waentjie af, byt op sy tande, bal sy vuiste en stamp sy voete op en af in 'n regte outydse vloermoer, sodat die dik laag stof witterig om sy bene warrel en op sy tekkies gaan le.

Ansi verdwyn – niemand weet waarheen nie.

Die dominee en sy ma kyk woordeloos na die vrag Oregonlegkaartstukke en die meters en meters wit tou. Om knope vas te trek, was in geen handboek wat hulle nog ooit bestudeer het nie.

Minute later kom Ansi by die deur in met 'n man in 'n oorpak. Sy het Andrew by 'n naburige besigheid gaan leen. Ons kyk toe hoe hy die knope behendig vasmaak en uiteindelik kan ons met die lompe vrag by die deur uity.

Ons slaap by 'n gastehuis 20km buite Cradock, oppad na Middelburg. Dit begin weer reën. Ons volg die GPS.

Later sê die dominee: “Ansi, ons het al dertig kilometer gery. Wanneer draai ons af?”

Twee GPS'se word uitgeruk. Ons het inderdaad al byna tien kilometer te ver gery – die GPS het ons in die steek gelaat.

Nou moet die dominee – selfs onder gunstige omstandighede nie die geduldigste man onder die son nie – in die reën, tussen trokke wat heen en weer ry, 'n U-draai maak. En die grond langs die pad is NAT.

Maar ons kry gedraai op die teerpad. Net-net.

Ry terug en kry die afdraai. Groot nat vlekke wys op die eeu-oue Oregon.

Toe ons stilhou, klouter aldrie bo-op die waentjie en begin die seile oortrek.

En dis waar die boer agter ons stilhou en die drie bobbejane op die waentjie betrag. "O," wil hy droog weet. "Het vroulief 'n preekstoel gekoop?"

Ansi, self nie met baie geduld geseën nie, ruk haarself op. Eerstens, dis nie HAAR preekstoel nie, dis die dominee s'n. En tweedens, dis haar BROER, nie haar man nie.

Nadat die reën bedaar het, bedek twee manne die vrag deeglik met die seile. Nou lyk dit asof ons vier blou Porta-Potties vervoer.



Die preekstoel oppad terug Hendrina toe.

Die volgende oggend vertrek ons. Aanvanklik gaan alles goed, tot ons 'n dwarswind kry, wat die dun blou seiltjie se some uitruk sodat dit rafels hang. Die wapperende, klappende seil bol in die wind. Op Middelburg hou ons ons stil. Die fotograaf is 'n emosionele eter. Haar senuwees is rou, en sy gaan koop 'n paar honderd rand se lekkers, koekies en biltong by die tuisbedryf, terwyl die dominee die seile afhaal – nou sleep ons met minder weerstand, maar die stukke bubblewrap wapper soos 'n skip se seile agterna.

Die bubblewrap word uitgehaal. Die preekstoel is op sy eie.

En verder gaan dit goed, behalwe vir die hoogte, want die vrag op die waentjie is byna 3m hoog. Ons parkeer maar baie versigtig.

Donderdag teen drieur die middag hou ons voor die NG Kerkzaal stil. Die preekstoel is tuis. Die volgende dag gebruik die dominee al sy Lego-vaardighede om die preekstoel aanmekaar te sit, voor dit weer gerestoureer word.

Ons het hom sommer self gaan haal.

En daar is sowat 80m bubblewrap oor.



Die preekstoel terug in Hendrina.

Naskrif:

En nog is het einde niet.

Want nou word 'n lidmaat, Frik von Wielligh, genader om die preekstoel tot sy vorige glorie te herstel. Dit moet teen die middel van April voltooi wees.

Frik haal die preekstoel weer uitmekaar en neem dit stuk-vir-stuk huistoe om te restoureer.

Met noukeurige aandag aan detail, volle toewyding en ongekennde passie.

Soveel toewyding, dat, toe sy vrou Gerda aankondig dat hulle die spesifieke Vrydag moet Pretoria toe gaan en dan sommer die naweek by die kinders gaan deurbring, hy weier om saam te gaan, want "Wanneer moet die preekstoel nou klaarkom?"

Gerda is alleen Pretoria toe vir die naweek.

Ghialene, hulle kleindogter, kuier by hulle. Sy klouter op die stuk preekstoel en dit kantel. Frik skrik en sê: "Jesus is looking down. He is telling us to fix it first before we climb onto it." Later soek Frik na woorde toe Ghialene vra: "Did Jesus talk to you? What did He say - can we get onto it now?"

En dan was daar die keer toe Frik sy vinger raakgeslaan het en 'n BAIE groot woord uitgeglim het. Toe staan Frik geskok terug en kyk na die preekstoel en sê: "Dis seker nie die regte plek om te vloek nie..."

Vir Frik het elke stukkie hout met ornamentele werk groot betekenis gehad – elke stukke het sy eie storie vertel. So het die heel onderste trappie vertel van die ou gebruik: Wanneer die dominee uit die konsistorie gekom het, het hy sy een voet op die onderste trap van die preekstoel laat rus, en die agterste voet het op die kerk se vloer gebly terwyl hy sy oë toegemaak het en God se seën oor die erediens gepleit het. Die preekstoel se eerste trappie was vol swart skoenpolitoer, soos die leraars 'n eeu lank eers om seën en leiding gevra het, voor hulle die preekstoel bestyg het.

En wat het al die skade veroorsaak? Ons sal nooit weet nie, maar die skade is herstel met hout wat uit die kerksaal gekom het.

Een raaisel bly onopgelos: Hoe het die kandelare of olielampe gelyk wat aan die sy- en voorkant van die preekstoel vas was? Daar bestaan nie foto's van 'n soortgelyke preekstoel met kerse of lampe nie.

En so 'n laaste stukkie vreugde: Kort nadat die preekstoel op Hendrina aangekom het, bel die konsulent van Cradock en vra of die dominee sal belangstel in die oorspronklike kanselkleed. Dis veilig saam met die gemeente se dokumente gebêre.

'n Week of wat later kom die ietwat gehawende groen kanselkleed per koerier in Middelburg aan. Dis meer as 'n eeu gelede by Uniewinkls gekoop en is spesiaal vir die Nagmaal-aan-tafel van Paasfees 2022 weer aangebring.



Die preekstoel terug in die eerste kerkgebou.



Frik von Wielligh saam met Tielman Roux tydens die Paasnagmaal van 2022

En so breek die groot aand aan: 14 April 2022. 'n Vreemde gevoel - dis Paasnagmaal, 'n diep, donker geleentheid, en tog borrel die opgewondenheid omdat die NH en NG Gemeentes van Hendrina gesamentlik gaan Nagmaal vier in die eerste kerk, met die leraar op die eerste preekstoel, bedek met die verbleikte groen kanselkleed uit 1918, maar nou rus daar 'n tablet op die sagte fluweel, ipv 'n reuse Kanselbybel!

Die groot saal word verlig deur kerse en nogmaals kerse. Die mense kom binne: hulle dra geskeurde jeans, kortbroeke, bont hemde en plakkies. Die kinders raas op die ou plankvloer. Die musiek word verskaf deur 'n klawerbord, 'n kitaar en dromme - en die gemeentes sing die ou-ou lied: Aan U, o God, my dankgesange, Û wil ek in my aandlied prys!

En die lig val sag op die goue letters op die kanselkleed: God is Getrou....